ABO Studiegroep

Goeiedag Anglo-Boereoorlog Vriende

Baie dankie vir u belangstelling in die **Anglo-Boereoorlog Studiedag *"Skote Petoors!" vir die Staatsartillerie van die ZAR in die Anglo-Boereoorlog***, op **Saterdag 8 Junie 2019**. Soos genoem, word dit aangebied in die Kunslokaal, **SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria**. Daar is veilige parkering binne die gronde en koffie en beskuit sal beskikbaar wees vanaf 08:00. D**ie program begin stiptelik 08:30** en eindig ongeveer 18:30. Neem asseblief die inrit langs die Zambiese ambassade op na die Akademie-gebou en parkeer onder die bome binne die gronde.

Registrasiegeld: Die registrasiegeld beloop **R350 per persoon**. Dit sluit in sekuriteitswagte by motors, al die spyseniering deur die dag, die afsluitingsgeselligheid by Fort Schanskop, toegangsgeld tot altwee forte en DVD met aanbiedings. Graag versoek ons dat u die registrasiegeld elektronies oorbetaal na ABSA **SPAAR-**rekening, Monumentpark, Pretoria – Naam van rekening: **Studiedag**, Takkode 632005, Rekeningnommer 9346633746. Stuur asseblief net 'n e-pos na theo@crisismedicine.co.za ter bevestiging van oorbetaling.

Program: Die program behels aanbiedings en besprekings:

- **Die organisasie van die Staatsartillerie van die ZAR voor en tydens die ABO – Johan Wolfaardt** – Historikus en museumkundige van Potchefstroom;
- **Die Pretoria-forte van die Staatsartillerie – Prof Anton van Vollenhoven** historikus en argeoloog verbonde aan die Noord-Wes Universiteit;
- **Die grofgeskut van die Staatsartillerie – die 155mm Creusot "Long Toms" – Prof Louis Changuion -** historikus en outeur van *Silence of the Guns - The history of the Long Toms of the Anglo-Boer War*;
- **Lt kol SPE Trichardt – laaste Bevelvoerder – Dr Tian Schutte –** navorser en outeur van *Guerrillastryd* en *Die Treinvernielers*.
- ***Skote Petoors!* – Kapt Lood Pretorius – die mens en artilleris – Leon Strachan** – historikus en outeur van *Krygers en Guerillas*.

Besprekings word gefasiliteer deur Albert Jansen, Tinus van Antwerpen en Johan Wolfaardt.

Spyseniering: Die spyseniering sluit 'n ligte middagete in. Ongelukkig kan die spyseniers nie almal se spesiale dieet-voorkeure hanteer nie, maar sal probeer om almal te akkommodeer. As u ernstige dieet voorvereistes het, laat weet asseblief voor Vrydag 31 Mei 2019.

Besoekpunte:

- Tydens etenstyd is Engelenburghuis by die Akademie oop vir begeleide toere saam met dr Linda Brink en besigtiging van "Skote Petoors" – Kapt Lood Pretorius se seremoniële swaard van die Unie Verdedigingsmag;

Na die oggend se aanbiedings en besprekings vertrek ons na die besoekpunte:-

- Fort Klapperkop saam met prof Anton van Vollenhoven;
- Die Groen Magasyn van die Staatsartillerie saam met lt kol Tinus van Antwerpen;

– Fort Schanskop saam met Christo Rabie.

Ons vestig net weer u aandag daarop dat u verantwoordelik is vir u eie vervoer na die besoekpunte. Alle terreine is bereikbaar met ‘n sedan voertuig en die parkeerplek is naby genoeg dat u gemaklik kan stap en die terrein verken. Toegangsgeld na beide forte is ingesluit by die registrasiegeld.

Bossie blomme: Ons gaan ‘n krans lê op Fort Schanskop vir die lede van die Staatsartillerie wat in die oorlog gesneuwel het. U is egter baie welkom om ook ‘n bossie blomme saam te bring om neer te lê.

Afsluiting: Ons sluit die dag af teen sononder by Fort Schanskop met “***Port-in-die-Fort***” - ‘n militêre heildronk op die “Staatsartillerie Geskut”, ligte verversings en ‘n glasie wyn geborg deur Kraal Uitgewers. Dit kan maar koel raak in Junie bo by die fort, so bring asseblief ‘n warm baadjie of jas saam! Alhoewel daar vloedligte by die fort is beveel ons graag aan dat u ‘n flits saambring vir terugstap na u motor – Eskom kan dalk ook toeslaan!

Boeke: Kraal Uitgewers sal ‘n tafel met boeke oor die Oorlog en verwante geskiedenis te koop hê by die aanbiedingslokaal. Verskeie ander boeke sal ook deur die outeurs te koop aangebied en geteken word. Prof Anton van Vollenhoven se ***The Military Fortifications of Pretoria*** met die detail inligting oor al vier forte om Pretoria @ R 70, sal beskikbaar wees. Tian Schutte se ***Guerrillastryd*** @ R300 en sy splinternuwe boek ***Die Treinvernielers*** gaan vir die eerste keer beskikbaar wees.

Die finale program en die sprekers se aanbiedings op ‘n DVD sal vir u beskikbaar wees by die registrasietafel.

Ons sien uit om u te ontmoet en inligting uit te ruil.

ABO Studiegroep